21.4 ADVIESVRAAG VAN STREEKSINODE RANDVAAL – VROU IN BESONDERE DIENSTE AS OUDERLING EN PREDIKANT (Art 38)

21.4 QUESTION OF ADVICE FROM REGIONAL SYNOD RANDVAAL – WOMEN IN SPECIAL OFFICES AS ELDER AND MINISTER (Art 38)

A. Dr WC Vergeer stel die Adviesvraag.
Dr WC Vergeer tables the Advisory question.

B. Dr C Botha maak die volgende voorstel: *In die lig van KO, art 46, word die saak nie verder hanteer nie.*
Dr C Botha makes the following proposal: *In the light of CO, art 46, the matter is not dealt with further.*

C. **Besluit:** Met ‘n meerderheid van stemme word die voorstel van dr C Botha aanvaar.
Decision: With a majority of votes, the proposal of dr C Botha is accepted.

D. **ADVIESVRAAG / ADVISORY QUESTION**

Adviesvraag	**Request for Advice**
Verteenwoordig die standpunt en eksegese wat geslag nie as bepalend vir die amptelike dienste van ouderling en predikant in die kerk van die Here beskou nie (soos uiteengesit in Kolom A van die Rapport – Saak van die Vrou [Acta 2009:583-671]) ‘n leerdwaling wat in stryd is met die Belydenisskrifte van die GKSA?	Does the standpoint and exegesis that does not consider gender to be a determining factor for the office of elder and minister in the church of the Lord (as in Column A of the Report – Saak van die Vrou [Acta 2009:583-671]) represent a heresy contrary to the confessional creeds of the GKSA?
INDIEN DIE ANTWOORD “JA” IS beantwoord asb die volgende vrae:	**IF THE ANSWER IS “YES”** please answer the following questions:
Vraag 1 Wat is dan die implikasie hiervan:	**Question 1** What are the implications hereof:
1.1 vir die ekumeniese bande van eenheid wat die GKSA het met kerke wat hierdie standpunt handhaaf. Moet die bande verbreek word?	1.1 for the ecumenical ties the GKSA has with churches that hold this point of view? (Should these ties be cut?)
1.2 vir gemeentes binne die GKSA wat hierdie standpunt handhaaf? (Moet hierdie kerke “buite kerkverband” verklaar word?)	1.2 for congregations within the GKSA that hold this point of view? (Should they be declared “outside of the church”?)
1.3 vir predikante, emeriti en ouderlinge en diakens wat hierdie standpunt handhaaf? (Moet hulle uit hulle amp afgesit word?)	1.3 for ministers, emeriti and elders and deacons that hold this point of view? (Should they be dismissed?)
1.4 vir individuele lidmate wat hierdie standpunt handhaaf? (Moet hulle onder die tug kom en eventueel afgesny word?)	1.4 for individual church-members who hold this point of view? (Should they be censured and eventually be cut off?)
Vraag 2 Aangesien die Deputate van twee vorige Sinodes (1988, 2009) reeds bevind het dat die standpunt oor “Vrou in die amp” nie ‘n belydenissaak is nie, wat is dan nou die nuwe, duidelike en oortuigende gronde in die	**Question 2** As the Deputies of two previous Synods (1988, 2009) have found that the issue of Women in office does not affect the confessional creeds, what is then now the new and convincing evidence in Scripture and

Skrif en die Belydenis waarvolgens hierdie standpunt wel tot leerdwaling verklaar word?	Confession on the grounds of which this point of view is declared a heresy?
INDIEN DIE ANTWOORD "NEE" IS beantwoord asb ook die volgende vraag:	**IF THE ANSWER IS "NO"** please also answer the following question:
Vraag 3 Bestaan daar dan enige Skrif- en/of Belydenisgronde om kerkverbande, gemeentes, ampsdraers of lidmate van die GKSA wat die standpunt en eksegese soos uiteengesit in Kolom A ondersteun, op enige manier kerklike gemeenskap met die GKSA te ontsê?	**Question 3** Are there then any grounds in Scripture or Confession to in any way deny church-denominations, congregations or individual members, that support the point of view and exegesis in Colum A, ecumenical ties with or membership of the GKSA?
Motivering Die onsekerheid en inkonsekwente optrede in verband met bogenoemde vrae het vir geruime tyd al die kerke in beroering gebring. Dit kan tot heil en seën vir die kerk wees, en kan die eenheid van die kerk dien, as die Sinode hom duidelik en ondubbelsinnig in hierdie verband uitspreek.	**Motivation** The uncertainty and inconsequent conduct with regard to these questions has for a considerable time stirred up strife in the churches. It will be to the welfare and blessing of the church, and can serve the unity of the church, if the Synod can give clear and unequivocal answers in this regard.